

Pinkster
Woensdag, 16 Mei 2018

Die anderkant van genade

Teks:

Jona 1:2 “Maak klaar, gaan na die groot stad Nineve toe en spreek hom aan, want Ek weet hoe sleg hy is.”

Jona 3: 1-2; 4

“Die woord van die Here het 'n tweede keer tot Jona gekom:

“Maak klaar, gaan na die groot stad Nineve toe en spreek hom aan met die boodskap wat Ek jou sal gee.”

Toe maak Jona klaar en gaan na Nineve toe soos die Here hom beveel het. Nineve was 'n baie groot stad: 'n mens het drie dae gevat om dit deur te stap.

Jona het die stad ingegaan en 'n dag lank daar rondgestap en toe roep hy: “Nog net veertig dae en Nineve word verwoes!”

Jona 3: 5-10

“Die mense van Nineve het toe in God geglo en hulle het 'n dag aangekondig om te vas. Groot en klein het rouklere aangetrek.

Die berig het ook by die koning van Nineve uitgekóm. Hy het van sy troon af opgestaan en sy koningsklere uitgetrek, rouklere aangetrek en op 'n ashoop gaan sit.

Hy het in Nineve laat proklameer: “Die koning en sy raadgewers beveel dat mens en dier, grootvee en kleinvee, aan niks mag proe nie, dat hulle niks mag eet en nie water mag drink nie.

Mens en dier moet rouklere aanhê, en die mense moet ernstig tot God roep en hulle van hulle verkeerde dade bekeer en berou hê oor die geweld wat hulle gepleeg het.

Miskien sal God van plan verander en nie meer kwaad wees nie. Dan sal ons nie omkom nie.”

Toe God sien wat hulle doen, en hoe hulle hulle bekeer van hulle verkeerde dade, het Hy afgesien van die ramp wat Hy gesê het Hy oor hulle sal bring. Hy het nie die ramp gestuur nie.

Jona 4:1-2

“Hieroor was Jona baie ontevrede en hy het baie kwaad geword.

Hy het tot die Here gebid en gesê: “Ag, Here, ek het dit geweet toe ek nog in my land was. Daarom het ek reg in die begin na Tarsis toe gevlug. Ek het geweet U is 'n genadige en barmhartige God, lankmoedig en vol liefde. U sien maklik af van die straf wat U aangekondig het.

Jona 4: 10-11

“Die Here het vir Jona gesê: “Jy is besorg oor die komkommerplant waarvoor jy nie gewerk het nie en wat jy nie versorg het nie. Dit het oornag opgekóm en oornag is dit dood.

Maar Ek mag nie besorg wees oor die groot stad Nineve nie, 'n stad waarin daar meer as honderd en twintig duisend mense is wat nie weet wat reg of verkeerd is nie, en ook nog baie diere?”

Toe God sien hoe sleg/sondig (1:2) die Nineviete is, is die vlam van God se toorn brandgesteek. Sy besluit om hulle te verwoes kan voorgestel word met 'n oordeelswiel wat in beweging kom in die rigting van D-dag. Dan lees ons dat God terselfdertyd besorg (4:11) was oor die mense/diere van Nineve. God weet watter katastrofale gevolge Sy oordeel inhou en daarom stuur hy Jona om die Nineviete te gaan waarsku. Waarsku is soos 'n brandalarm wat aangaan voordat die vuur uitbreek. En die vuur van God se toorn sou na 40 dae (3:4) in volle felheid uitbreek. God kon hulle summier met die banvloek getref het, maar Hy kies om 'n 40 dae "time out" aan te kondig. Hy gee hulle met ander woorde tyd om op Sy waarskuwing te reageer. Waarom? Die antwoord lê opgesluit in Eseg. 33:11 (vgl. ook 2 Petr 3:9, Rom 5:8)

(Eseg. 33:11) "Sê vir hulle: So seker as Ek leef, sê die Here my God, Ek wil nie hê die sondaar moet deur sy sonde sterf nie, Ek wil hê hy moet van sy optrede afsien en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van julle bose optrede! Waarom wil julle sterf, Israel?"

(2 Petr 3:9) "Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer."

(Rom 5:8) "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was."

DIT IS GENADE! God bekruip nie die sondaar nie, Hy wil hulle nie summier straf nie. God kan! Dit is Sy reg! Maar Hy gee grasia, want Hy wil dat die sondaar hom bekeer. Hy het geen hartsbegeerte om Homself op die sondaar te wreek nie. Dit is duidelik dat terwyl God Jona na Nineve stuur om te sê dat Hy hulle gaan verwoes en dan 40dae grasia gee God 'n versteekte genade-plan ook in Sy mou voer. Jona het dit geweet: "Ag Here....." (4:2) Dan reageer die Nineviete gepas met berou, belydenis en hulle bekeer hul tot God (2:5-9). Hierop reageer God met vergifnis, vrypraak en versoening. Hy sien af van Sy oordeelsplan, en gooi die reddingsboei van genade uit na die Nineviete.

DIT IS GENADE! Dit is die beste nuus wat 'n heiden kan verneem. Dat die lewende heilige God soveel deernis ook vir hom as verlore sondaar het. God se genade-aanbod bied ook vloerspasie aan die nie-Jood en boonop die aardsvyand van Sy verbondsvolk. Dit is die boodskap waarmee God Jona na Nineve stuur, maar hy aanvanklik geweier het om oor te dra (13) en toe hy dit wel doen (3:3-4), het hy dit teensinnig gedoen (4:2-3).

Die boek Jona beeld nie slegs God se genade vir die mens sonder God uit nie, maar ook God se genade vir Sy kinders. Jona verteenwoordig dié wat aan God behoort en in Sy diens staan (1:9). Wanneer Jona weier om God se opdrag uit te voer en van God af wegvlug (1:3), agtervolg God hom met 'n storm (1:4). Daar is geen geografiese plek in die skepping waarheen jy kan uitwyk om God te ontvlug nie (Ps 139: 5vv). God haal jou in! In tyd haal God jou in. Hy't jou immers gered, gereinig en geroep tot Sy diens. Dit is genade!....**ONBEGRENSDE GENADE**

Toe die matrose Jona oorboord gooi en hy op die punt staan om te verdrink, stuur God 'n vis om Jona te red (1:17). God het geen behae in die dood van Sy gevalle kind. Dit is genade! **VOORSIENIGE GENADE.**

Toe Jona in sy nood tot God bid en ons het gesien dat dit 'n erg self-gesentreerde gebed is, verhoor God Jona se gebed. God het immers geen behae daarin dat Sy gevalle kind verlore gaan nie, Dit is genade!.....**ONVERDIENDE GENADE/GUNS.**

Dan stuur God Jona 'n tweede keer na Nineve. God gee nie op op Sy gevalle kind nie. Hy skryf jou nie af as jy 'n fout maak nie. Hy gee jou nog 'n kans. Dit is genade!.....**VOLHARDENDE GENADE**

Wanneer Jona in die versengende hitte op die punt van ontwatering en sonsteek beland, laat God 'n komkommersplant bo-oor hom rank as beskerming teen die son (4:6) Dit is genade! **VERSORGENDE GENADE.**

In die hele verhaal sien ons ook dat Jona met God se genade speel. Teologies verstaan Jona hoe God se genade werk. Hy weet dat God sonde haat, maar die sondaar liefhet. Hy weet dat God 'n oordeelsplan het, maar ook 'n genadige verlossingsplan. Hy weet dat wanneer 'n sondaar hom tot God bekeer God van Sy oordeel afsien. Hy weet dit alles. Maar dan maak hy twee foute.

Eerstens annekseer hy God se genade vir homself. Solank God net nie van hom verag om dit ook met Nineviete te deel nie is alles in orde. Hy hou so die deur na God se genadetroon vir die Nineviet toe Uiters selfsugtig!

Tweedens speel hy met die gedagte dat hy maar kan wegvlug, want God sal hom tog wel later weer vergewe as hy jammer sê. Jona speel met vuur wanneer hy so met God se genade dobbel. Paulus waarsku ook daarteen in Rom 6:1 wanneer hy die vraag stel: “**moet ons aanhou sonde doen sodat die genade kan toeneem?**” Hy antwoord die vraag met 'n besliste NEE en verduidelik dit dan in Rom 6:2-14. In 2 Kor. 6:1 herhaal hy die waarskuwing: “As medewerkers van God doen ons 'n beroep op julle om te sorg dat julle die genade van God nie tevergeefs ontvang het nie.” Steeds skryf God Jona nie af nie. God besef dat hy in Jona se gedrag te make het met geestelike onvolwassenheid.

Daarom betoon God, geduld met Jona en gee hom genade-tyd om geestelik volwasse te kan word. Dit is genade! **ONVERSTAANBARE GENADE.**

Uit dit alles kom ons tot die volgende gevolgtrekkings

1. God se genade vir Nineve en God se genade vir Sy kinders verskil nie van mekaar nie. God se genade is en bly dieselfde soort genade.
2. Die mens wat sonder God leef, het genade nodig om tot geloof te kom, berou te hê, sonde belydenis te doen, hom tot God te bekeer. Dit alles is die genade werk van die Heilige Gees in en met ons. Dit het so met die Nineviete gebeur maar ook met Jona toe God hom vroeër tot profeet geroep het. Dit is waar van elkeen van ons wat bely dat ons kinders van God is. Die pad na God is dieselfde pad vir die heiden en die wat in huise groot geword het waar God gedien word.
3. Maar ons het nie net genade nodig om 'n kind van God te word nie. Ons het voortdurend genade nodig om as kinders van God te leef. Ons het genade nodig om:
 - * teen versoekings staande te bly
 - * geestelik te groei en vrug te dra
 - * te getuig
 - * volhard tot die einde
4. Wanneer ons met God se genade 'n spel speel, speel ons met vuur. Genade is nie God se speelgoed vir ons nie. Dit is nie goedkoop nie. God se genade is duur. Jesus het dit met sy lewe vir ons verdien.
5. Om die genade soos Jona net vir jouself te hou, weerhou jy ander die geleentheid om dié heuning van God se liefde te proe. Dit is nie net selfsugtig nie. God veroordeel en straf die soort gedrag. Hieroor het Jesus op 'n dag die volgende te sê gehad.

(Matt 18:21-33)

Daarna het Petrus na Jesus toe gekom en gevra: “Here, hoeveel keer moet ek my broer vergewe as hy iets verkeerds teen my doen? Selfs sewe keer?”

Jesus antwoord hom: “Ek sê vir jou, nie sewe keer nie maar selfs sewentig maal sewe keer.

Daarom kan die koninkryk van die hemel vergelyk word met 'n koning wat besluit het om saam met sy amptenare hulle boeke na te gaan.

Toe hy daarmee begin, is een amptenaar na hom toe gebring wat miljoene rand geskuld het.

Hy kon dit nie betaal nie, en daarom het die koning beveel dat hy en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, verkoop en die skuld betaal moet word.

Die man het voor hom neergeval en gesoebat: ‘Gee my tog uitstel; ek sal u alles terugbetaal.’

Die koning het hom jammer gekry, hom laat gaan en sy skuld afgeskryf.

“Toe daardie man buite kom, het hy een van sy medeamptenare raakgeloop wat hom net 'n paar rand geskuld het. Hy het hom gegryp en gewurg, en gesê: ‘Betaal wat jy skuld!’

Sy medeamptenaar het voor hom neergeval en hom gesmeek: ‘Gee my tog uitstel, ek sal jou betaal.’

Maar hy wou nie en hy is daar weg om hom in die tronk te laat gooi totdat hy die skuld betaal het.

“Toe sy medeamptenare sien wat gebeur het, was hulle diep teleurgesteld, en hulle het alles wat gebeur het, vir hulle koning gaan vertel.

Die koning het hom laat haal en vir hom gesê: ‘Jou skurk! Al daardie skuld het ek vir jou afgeskryf omdat jy my gesoebat het.

Moes jy nie ook jou medeamptenaar jammer gekry het soos ek jou jammer gekry het nie?’

AMEN